



deur N. H. THEUNISSEN

IN oorlogstye heers daar altyd groot gevoelsopwinding en volke wat aan sulke oorloë deelneem, verkeer gewoonlik in 'n toestand van hooggespanneerdheid wat hom veral uitdruk in die maak en sing van liedere. Hierdie liedere is gewoonlik opgewek en dit is natuurlik dat die maat en ritme veral geskik is vir mars-musiek. Van die mooiste en indrukwekkendste liedere ter wêreld het so in tye van volksnood ontstaan en baie van hulle het dan ook weens die algemene aandag wat hulle getrek het, uiteindelik algemene volksliedere geword. Ons dink maar aan die „Marseillaise” van die Rouget de Lisle. Hierdie lied was oorspronklik die marslied van 'n sekere regiment, maar weens sy kragtige musiek en sy beeiende woorde het dit soos 'n vuur die verbeelding van die Franse opstandelinge beetgepak en dit het die volkslied van Frankryk geword. Die vertaling van A. G. Visser gee ons 'n goeie idee van die inhoud:—

*Burgers ontwaak vir Volk en Vaderland
Die Vryheidsuur is aangebreek
Af nou met die vlag van die dwingeland,
En die vryheidsvlag opgesteek.
Van ons vaders het ons geërwe,
Die knie wat te stram is om te buig.
En hul nageslag is nie te vuig,
Vir hul reg te stry en te sterwe.
Te wapen! Tot die stryd vir Vryheid en vir Reg.
Ons kom, Ons kom. Beef dwingeland snood,
Hier seëvier of dood.*

Net so het „Die Wacht am Rhein” ontstaan gedurende die Frans-Duitse oorlog van 1870; die Amerikaanse „Battle Song of the Republic,” „Marching Through Georgia,” gedurende die Amerikaanse Burgeroorlog van 1860-64; „Men of Harlech,” die Volkslied van Wallis, gedurende die oorloë tussen Engeland en Wallis in die Middeleeue; „Wilhelmus van Nassau,” „Piet Hein,” en andere gedurende die Tagtigjarige oorlog. En so kan ons nog baie noem.

Sulke oorlogsliedere is nie almal verhewe nie — baie van hulle spot met die vyand, soos bv. die Hollandse „Maximilianus de Bossou”; ander weer is heeltemal van enige stryd-lustige betekenis ontbloot, maar het populêr geword weens hul opgewekte musiek; ons dink hier bv. aan „Tipperary,” en 'n derde tipe, waarvan „Keep the Home Fires Burning”

'n voorbeeld is, spreek weer die weemoed uit van die krygsman wat op die slagveld verkeer of 'n krygsgevangene is, en voer sy gedagtes terug na sy huis en haard, en die geliefdes aldaar. 'n Goeie voorbeeld van laasgenoemde is natuurlik ons eie „Sarie Marais.” Eindelik vind ons ook die oorlogslied met godsdienstige strekking; as voorbeeld neem ons Körner se „Gebed,” vertaal deur Jan Celliers:—

*Vader ek roep U by
Donder en damp van kanonne omring my, ens.*

In Suid-Afrika het oorlogstoestande insgelyks oorlogsliedjies in die lewe geroep. Baie is lankal vergeet en die musiek het verlore gegaan, maar gelukkig nie almal nie.

'n Oorlogslied wat gereeld van 1710 tot die negentiende eeu aan die Kaap gesing is, en wat ek later sal bespreek, was „Malbroek die Vaar ten Oorlog.” Die eerste liedere van eg-Afrikaanse oorsprong het gedurende die Eerste Vryheidsoorlog ontstaan. Een van hulle, „Die Vierkleur van Ons Dierbaar Land,” het ons reeds verlede week beskryf, en wat die origes betref sal ek, weens die feit dat die musiek nie meer bestaan nie, alleen die eerste reëls gee. Met die verowering van Transvaal in 1877 het die volgende lied verskyn:—

*Jan Boel het die Transvaal gejomp,
Ons raak dit nou gewend,
As hy iets kan neem sonder straf,
Neem hy 'n anders goed maar af,
Die vent is tog so lomp.*

Die beginreëls van 'n ander liedjie was as volg:—

ONS LAND DIE IS ONS EIE

*Ons staan vir ons land soos die eikeboom self,
Hier onder ons heldere hemelgewelf;
Ons voet staan op ons vaders strand,
Ons Afrikaanse Vaderland.*

'n Ander lied, 'n parodie op die woorde en musiek van „Rule Britannia” was ook baie gewild:—

*Vors Pluto sê vir Engeland:
Toe loer nou oor die bloue see,
Transvaal die gee ek in jou hand,
Toe sing die goudveldskruim ook mee:
Kom Brittanje, jy beskaaf,
Maak die nasies tot jou slaaf.*

Daar was altesaam ses versies, waarvan de laaste een as volg gelui het:—

*En Moses, maskie deur bedrog,
Sal kom na jou gelukkig strand,
O mistig eiland, jy het nog
Veel knappe rakkers by die hand.
Kom Brittanje, ens.*

Die „Moses” was 'n amusante woordspeling op die Engelse „Muses.” Die volgende lied was getitel „Majoeba.” (Ek gee twee versies):—

*Waar regte Afrikaners woon,
Van Kaap tot in Transvaal,
Vra hul weer om 'n hartlik lied
In die Afrikaanse Taal.*

*Hoe met Gods hulp en heldemoed
'n Handvol dapp're mans,
Die kleurbloem van Brittanjes trots
Verjaag het van die krans . . .*

Gedurende die jare negentig het 'n bekende oorlogslied, „Malaboch” ontstaan tydens 'n strafekspedisie teen die kafferkaptein, Malaboch, in Noord-Transvaal.

Van sy agt versies gee ons hier die eerste (die musiek is te vinde in die bundels van Mansvelt en Joan du Toit — woorde deur dr. Tobias):—

*Ons gaan ten oorlog,
Malaboch, Malaboch,
Ons gaan jou haal,
Jy moet opbetaal,
Ons sal jou skiet
Op kommando van Oom Piet,*

Koor:

*En solank die lepel in die pappot steek,
Dan treuren wy nog niet (bis.).*

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het die maak van geskikte liedere weer begin. Een van die bekendstes was en is ons „Burgers is Getrou,” deur J. P. Jooste op die musiek van „Marching Through Georgia” (die musiek is te vind in al drie die reeds gemelde bundels):—

*Transvaal is weer in moeilikheid
Want goud is hier te veel.
Dus kry ons rare vriende,
Wat ons eiendom wil steel.
Wat ons eiendom wil steel.
Hul sê hul wil die stemreg hê,
En 'n hele boel daarby,
Ons kan tog nie maar bakkeie,*

Koor:

*Hoera, hoera! ons burgers is getrou,
Hoera, hoera! ons landstreek te behou,
Transvalers het dit duur gekoop,
Die Vierkleur hier geplant,
Ons sal dit altoos laat waaie.*

Een van die bekendste oorlogsliedere was „Die Lady Roberts” van wyle president Reitz. Hierdie lied is gedig op die oorlogsveld nadat die Boere onder generaals Chris Muller en Ben Viljoen die Engelse by Helvetia verslaan het, en onder andere 'n groot skeepskanon, deur die Engelse die „Lady Roberts” gedooft gebuit het.

Die lied is veral merkwaardig vir sy sinspeling op mense en toestande, en sy woordspeling op die name van die Engelse Generaals is veral raak;

*Hier staan die Lady Roberts,
Hoera vir Ben Viljoen!*

*Hoera vir Generaal Muller!
Want hul het die ding gedoen.
Die trekboer en die boslanser —
die kom haar hier beskou,
Dan sê hul allewêreld!
Waar kry jul die ou vrou?*

*Dan sê ons: die ou Lady
Is 'n nuwejaarspresent,
Wat Ben Viljoen gestuur het
Vir ons ou President.
Dan word die trekboer wakker,
En trek weer met sy goed,
En die arme ou boslanser,
Die kry dan ook weer moed.*

*Lord Roberts is al huistoe.
Die Veldheer het getrap;
Sy vrou het hy laat blywe,
Sy hou van mieliepap.
Van ons arme families,
Brand hy die huise af,
Die mans kan hy nie wen nie;
Dus moet hy vrouens straf.*

*Maar sy ou Lady Roberts,
Wat liddaait uit kan stort,
Stuur hy Helvetia toe,
En sit haar in die fort,
Daar dag hy is sy veilig,
Want die verdekste boer,
Lê maar net agter klippers
Met sy verdekste roer.*

(Vervolg op bladsy 29)

ONS VOLKSLIEDJIES

(Vervolg van bladsy 29.)

*Die Mieliepit is deur Gods hand,
Aan ons Transvaal gegewe;
Dat mens en dier nog altyd hier,
Kan ete en kan lewe.*

*Ons arme land is swart gebrand
Deur die vyandelik gebroei;
Maar die mieliekop raak nog nie op,
Hy skenk ons drank en voedsel.*

*Waarom is daar 'n adelaar
Op ons Transvaalse wapen?
Set eers daarop 'n mieliekop
En laat die roofvoël skrape.*

Soos ek reeds gesê het, moes baie van ons ou Nasionale liedjies in die vergetelheid geraak het. Jare gelede was ek as jong seun op besoek by sekere mnr. Ludorf, van Premier Myn. Gedurende die Driejarige Oorlog was hy 'n krygsgevangene in een of ander kamp. Hy het toe die moeite gedoen om al die rympies en liedjies wat hulle daar gesing het, te boek te stel. (Baie was natuurlik vertalings en parodië.) Hierdie boek het hy aan my gewys en as ek my nie vergis nie, het dit seker 'n honderd sulke liedjies en gediggies bevat.

'n Lied wat onder die krygsgevangenes ontstaan het, is die alombekende „Sarie Marais” wat ek volgende week saam met 'n paar ander sal bespreek.